CENSUS 2011

You Count!

# Selfopnamegids

Afrikaans


Statistics South Africa

your leading partner in quality statistics

**Sensus 2011-Selfopnamegids**

© Statistieke Suid-Afrika 2011
Gebruikers mag hierdie data toepas of verwerk, met dien verstande dat Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) as die oorspronklike bron van die data erken word; dat dit gespesifiseer word dat die toepassing en/of analise die resultaat is van die gebruiker se onafhanklike verwerking van die data; en dat nóg die basiese data nóg enige herverwerkte weergawe of toepassing daarvan verkoop mag word of te koop aangebied mag word in enige vorm hoegenaamd sonder die vooraf toestemming van Stats SA.

Statistieke Suid-Afrika
Private Sak X44
Pretoria
Suid-Afrika

Andriesstraat 170
Pretoria 0002

Gebruikersinligting: (012) 310 8600
Faks: (012) 310 8500
Skakelbord: (012) 310 8911
Faks: (012) 321 7381

Webtuiste: www.statssa.gov.za
E-pos: info@statssa.gov.za

CENSUS 2011
You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

# Inhoudsopgawe


**Inleiding** 1

**Doelwitte van die gids** 1

**Waaroor handel die sensus?** 1

**Sensus in Suid-Afrika** 1

**Jou antwoorde is vertroulik** 2

**Invul van die sensusvraelys** 2

Algemene riglyne 2

Oorslaan- en ander instruksies 4

**Afdelings van die vraelys** 4

Dekblad 4

Omslag: Besonderhede van alle individue 4

Voorbeeld – Omslag 5

Afdeling A: Demografie *6*

Afdeling B: Migrasie 6

Voorbeeld – Migrasie 7

Voorbeeld – Migrasie vervlg. 8

Voorbeeld – Migrasie vervlg. 9

Voorbeeld – Migrasie vervlg. 10

Afdeling C: Algemene gesondheid en funksionering 11

Afdeling D: Oueroorlewing en inkomste 11

Afdeling E: Onderwys 11

Voorbeeld – Onderwys 12

Voorbeeld – Onderwys vervlg. 13

Voorbeeld – Onderwys vervlg. 14

Afdeling F: Werk 15

Voorbeeld – Werk 15

Voorbeeld – Werk vervlg. 16

Voorbeeld – Werk vervlg. 17

Voorbeeld – Werk vervlg. 18

Afdeling G: Vrugbaarheid 19

Afdeling H: Behuising 19

Afdeling I: Sterftesyfer 19


CENSUS 2011 You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## Inleiding

Hierdie opnemersgids sal jou én jou huishouding help indien jy nie in staat is om die instruksies in die vraelys te volg gedurende die voltooiing van die Sensus 2011-huishoudingsvraelys nie. Voorbeelde met betrekking tot sekere afdelings van die vraelys is ook voorsien om jou by te staan. Indien die gids nog steeds van geen hulp is nie, word jy aangeraai om die Sensus 2011-blitslyn (0800 110 248) te skakel, waar iemand teenwoordig sal wees om jou by te staan om die vraelys korrek te voltooi.

## Doelwitte van die gids

- Om huishoudings by te staan met die invul van die Sensus 2011-vraelys
- Om die belangrikste aspekte van die vraelys in breë trekke te beskryf

## Waaroor handel die sensus?

'n Bevolkingsensus is 'n volledige telling van die mense in 'n land. Basiese vrae word gevra oor die getal mense en waar hulle bly om hulle behoeftes te bepaal. Die sensus word gedoen om die regering, die privaatsektor, nie-regeringsorganisasies (NRO's) en gemeenskapsgebaseerde organisasies (GBO's) in staat te stel om die samestelling van die bevolking te verstaan en om planne te beraam wat getuienisgebaseer is. Die meeste vrae in die sensus word ook gebruik om insette te verkry om te meet in watter mate die Millenniumontwikkelingsdoelwitte bereik is.

'n Sensus moet die land as geheel en elkeen wat daarin leef (ryk en arm) tot voordeel strek. Dit is baie belangrik dat mense die sensus sal verstaan en ten volle daaraan sal deelneem om daarvan 'n sukses te maak.

Suid-Afrika het sedert demokrasiewording reeds twee sensusse gehou (1996 en 2001). Die Oktober 2011-sensus sal die derde sensus wees wat in die land gehou word.

## Sensus in Suid-Afrika

- Suid-Afrika hou 'n sensus waarin mense getel word op grond van waar hulle die Sensusnag deurgebring het ('n kamerablik van die land op sensusnag).

- Mense word getel op grond van waar hulle die **sensusnag** deurgebring het (dit is middernag 9–10 Oktober 2011).

CENSUS 2011 You Count!

- Sensusbeamptes sal vanaf die oggend van 10 Oktober (sensusdag) elke huis besoek om al die mense te tel wat:
    1. Die sensusnag (middernag 9–10 Oktober) in die huishouding deurgebring het (ook die **BESOEKERS**)
    2. Die sensusnag op reis was terug huis toe
    3. Die sensusnag gewerk het (bv. verpleegkundiges, veiligheidswagte en polisiebeamptes)
    4. Die sensusnag weg was om godsdienstige byeenkomste (soos nagwake) by te woon of sosiale plekke (soos nagklubs) te besoek

- Jy word versoek om op **sensusdag** die naam van elke persoon neer te skryf wat die sensusnag/-dag (soos hierbo genoem) in die huishouding deurgebring het. Die lys name sal die huishouding of sensusbeampte help om die korrekte inligting op die vraelys in te vul sonder dat iemand vergeet word.

## Jou antwoorde is vertroulik

- Artikels 17 en 18 van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999), meld dat die inligting wat vir die sensus verskaf word vertroulik gehou word en dat die persone wat by die versameling van sensusdata betrokke is eers 'n eed van vertroulikheid aflê.

  Die Wet bepaal ook dat 'n persoon wat versamelde data aan ander partye openbaar maak aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf. Dit beteken dat die inligting wat jy as 'n respondent tydens die sensus verskaf, **vertroulik gehou sal word en NIE met enige ander regeringsdepartement of organisasie bespreek sal word nie.**

## Invul van die sensusvraelys

### Algemene riglyne:

1. Indien jy verkies om die vraelys self in te vul, sal 'n sensusvraelys vir voltooiing aan jou huishouding uitgereik word.

2. In gevalle waar die huishouding 'n tweede (of 'n derde) vraelys mag nodig kry, sal die sensusbeampte sy/haar telefoonnommer op die dekblad van die vraelys verskaf. Hierdie nommer kan gebruik word vir enige navrae betreffende die vraelys.

CENSUS 2011 You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

3. Elke huishouding wat 'n **betaalde** inwonende huiswerker (ook motorbestuurder of tuinwerker) het, moet 'n aparte sensusvraelys vir daardie persoon ontvang, selfs al word die persoon geag deel van die huishouding te wees.

4. **Jy word versoek om die hele vraelys in te vul.**

5. VOLTOOI DIE VRAELYS EERS NÁ DIE SENSUSNAG (MIDDERNAG 9–10 OKTOBER 2011).

6. Raadpleeg elke lid van die huishouding ten opsigte van ouderdom en ander inligting wat jy nie geredelik beskikbaar het nie wanneer jy die vraelys namens hulle invul.

7. Gebruik gestandaardiseerde afkortings as woorde te lank is (bv. Johannesburgse Metropolitaanse Munisipaliteit: JHB Metro of Statistieke Suid-Afrika: Stats SA).

8. Moenie spasies tussen die woorde laat nie.

9. Sommige vrae blyk persoonlik te wees, bv. vrae oor geslag, inkomste en kinders wat oorlede is, maar die vrae is bruikbaar en nodig vir beplanning.

10. Beantwoord die vrae eerlik sodat die regering akkurate inligting kan bekom.

11. Skryf/maak 'n merk in die middel van die blokkies/ovale wat verskaf word. Kyk die voorbeelde hieronder:

| **Reg** | **Verkeerd** |
|---|---|
| X | X |
| 3 | 3 |
| P E T E R | P E T E R |
| D E F H J L N R | d e f h j l n r |
| 1 2 3 4 5 6 7 8 9 0 | 1 2 3 4 5 6 7 8 9 C |

CENSUS 2011 You Count!

## Oorslaan- en ander instruksies:

1. Oorslaaninstruksies is daar om jou te help om die toepaslike vrae in te vul en die vrae uit te laat wat nie op jou of sommige van die lede van die huishouding van toepassing is nie. Let byvoorbeeld op oorslaaninstruksies soos: "Wat P-07 (Provinsie van geboorte) betref, indien 01-09 of 11, gaan na Burgerskap (P-09)".

2. Let daarop dat 'n oorslaaninstruksie van toepassing is op 'n individu en nie die hele huishouding nie.

3. Ander instruksies is deel van die opskrifte van afdelings, bv. Indiensneming: Vra alle persone 15 jaar en ouer wat op die omslag genoem word.

**Onthou:**

- **Hou die sensusvorm netjies en weg van kinders.**
- **Moenie die vraelys by of na voltooiing vou, verseël, lamineer, beskadig of bladsye daaruit verwyder nie.**
- **Alle ingevulde of deels ingevulde vraelyste moet betyds aan die sensusbeampte teruggegee word (óp of vóór 31 Oktober 2011).**
- **Wanneer die beampte jou versoek om inligting te verskaf wat jy dalk oorgeslaan het, moet jy dit asseblief doen.**

# Afdelings van die vraelys

## 1. Dekblad

- MOENIE DIE VRAELYS SE DEKBLAD INVUL NIE aangesien die sensusbeampte die inligting vir jou sal invul voordat hy/sy dit by die huishouding laat.

## 2. Omslag: Besonderhede van alle individue

*Doel: Hierdie bladsy versamel inligting oor die naam, ouderdom en geslag van elke lid van die huishouding en van alle besoekers wat die sensusnag teenwoordig was.*

- Die eerste persoon wat op die sensusvraelys genoem moet word, is die **huishoudingshoof of waarnemende huishoudingshoof ('n lid van die huishouding wat namens die huishouding besluite neem)**.

- Indien die huishouding twee gelyke besluitnemers het, word die ouer persoon die huishoudingshoof genoem (persoon 01).

- F-00: Vul die nulposisies in vir elke persoon in die huishouding (afhangende van die getal mense in die huishouding). Die eerste persoon op die vraelys (die huishoudingshoof) is 01, gevolg deur persoon 02, dan 03 vir die derde persoon, ens.

- Gebruik 'n tweede vraelys indien daar meer as 10 persone in die huishouding is (begin met persoon 11 in die tweede vraelys tot persoon 20).

- Name word vir verwysingsdoeleindes gebruik wanneer die vraelyste ingevul word. Die name word nie verwerk nie.

- Die naam van die huishoudingshoof moet volledig ingevul word (name en van). Slegs die name word ingevul van die ander lede van die huishouding wie se van dieselfde is as dié van die huishoudingshoof. Die name (naam en van) van lede wie se van verskil van dié van die huishoudingshoof moet volledig ingevul word.

- Wat ouderdom betref, verskaf volledige jare. Indien 'n baba byvoorbeeld nege maande oud is, word 000 ingevul, aangesien die baba nog nie 'n jaar oud is nie. Wat 'n persoon betref wat 17 jaar en 11 maande oud is, vul in 017 aangesien die persoon nog nie 18 jaar oud is nie.

## a. Voorbeeld – Omslag (hieronder):

- Daar was op sensusnag drie persone in hierdie huishouding. Let daarop dat die voorbeelde gegee word om jou te help wanneer jy inligting oor jou eie huishouding invul.

| **F-00** NOMMER VAN PERSOON | **F-01** NAAM VAN PERSOON | **F-02** OUDERDOM IN VOLTALLIGE JARE | **F-03** GESLAG<br>1 = Manlik<br>2 = Vroulik |
|---|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T<br>E R S O N | 0 3 6 | 1 Manlik<br>X 2 Vroulik |
| 0 2 | A D A M | 0 0 0 | X 1 Manlik<br>2 Vroulik |
| 0 3 | F R A N C I N A<br>H B O O Y S E N | 0 6 6 | 1 Manlik<br>X 2 Vroulik |

CENSUS 2011
You Count!

## 3. Afdeling A: Demografie *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Die inligting word versamel om die totale bevolking van die land en hulle geslag, ouderdom en ander eienskappe te bepaal.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke persoon wat op die vraelys genoem word.
- 'n Ongetroude persoon moenie die vraag invul oor wie sy/haar gade/lewensmaat is nie; byvoorbeeld: “Indien Huwelikstatus (P-03) 3-6 is, gaan na Bevolkingsgroep (P-05)”.

## 4. Afdeling B: Migrasie *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Die inligting word gebruik om die beweging van mense van een geografiese gebied na 'n ander te meet ten einde die bevolking beter te verstaan en vir beplanningsdoeleindes.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke persoon wat op die vraelys genoem word.
- 'n Persoon wie se gewone plek van verblyf nie in Suid-Afrika is nie, moenie die vrae oor die provinsie of die munisipaliteit van die gewone blyplek beantwoord nie.
- Laat die vraag oop indien die munisipaliteit/landdrosdistrik nie bekend is nie.

## b. Voorbeeld – Migrasie (hieronder):

- Al drie die mense in hierdie scenario is in die Wes-Kaap gebore.
- Vrae oor die geboorteland en die jaar waarin hulle na Suid-Afrika gekom het, is net bedoel vir diegene wat buite die land gebore is.
- Die vraag oor burgerskap word beantwoord deur alle persone wat op die vraelys genoem word.

| F-00 NOMMER VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | P-07 PROVINSIE VAN GEBOORTE | P-08 LAND VAN GEBOORTE | P-08a JAAR VAN VERHUISING NA SUID-AFRIKA | P-09 SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **In watter provinsie is** *(naam)* **gebore?**<br>01 = Western cape<br>02 = Eastern Cape<br>03 = Northern Cape<br>04 = Free State<br>05 = KwaZulu-Natal<br>06 = North West<br>07 = Gauteng<br>08 = Mpumalanga<br>09 = Limpopo<br>10 = Buite Suid-Afrika<br>11 = Weet nie<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkies.*<br>***Indien 01-09 of 11, Gaan na P-09*** | **In watter land is** *(naam)* **gebore?**<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | **In watter jaar het** *(naam)* **na Suid-Afrika verhuis?**<br>*Indien meer as een keer na Suid-Afrika verhuis, meld asb. die jaar van laaste verhuising.*<br>**voorbeeld**<br>1 9 9 8 | **Is** *(naam)* **'n Suid-Afrikaanse burger?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>*Merk die toepaslike sirkel met 'n X.* |
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | 0 1 | | Y Y Y Y | X 1 Ja<br>2 Nee |
| 0 2 | A D A M | 0 1 | | Y Y Y Y | X 1 Ja<br>2 Nee |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 0 1 | | Y Y Y Y | X 1 Ja<br>2 Nee |

CENSUS 2011
You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## c. Voorbeeld – Migrasie vervlg. (hieronder):

- Francinah het sensusnag haar dogter besoek.
- Slegs besoekers doen verslag oor die provinsie en munisipaliteit **waar hulle gewoonlik bly** en die stad/dorp die naaste daaraan **(P-10a, P-10b en P-10c).**
- Babas (jonger as ses maande) antwoord "Ja" op **P-10** indien hulle ouers/voogde van voorneme is om die baba die volgende ses maande minstens vier nagte 'n week in die huishouding te laat woon.
- Persone wat onlangs na 'n nuwe plek gekom het en voornemens is om die volgende ses maande minstens vier nagte 'n week daar te woon, moet ook "Ja" op **P-10** antwoord.

| **F-00** NOMMER VAN PERSOON | **F-01** NAAM VAN PERSOON | **P-10** ALGEMENE PLEK VAN VERBLYF<br>Woon *(naam)* gewoonlik vir minstens vier nagte per week in hierdie huishouding en doen so vir die laaste ses maande? OF beoog om vir die volgende ses maande, vier nagte per week in hierdie huishouding te woon?<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>*Merk die toepaslike sirkel met 'n X.*<br>***Indien 1, Gaan na P-11*** | **P-10a** PROVINSIE VAN MEES ALGEMENE VERBLYF<br>**In watter provinsie bly** *(naam)* **gewoonlik?**<br>01 = Western Cape<br>02 = Eastern Cape<br>03 = Northern Cape<br>04 = Free State<br>05 = KwaZulu-Natal<br>06 = North West<br>07 = Gauteng<br>08 = Mpumalanga<br>09 = Limpopo<br>10 = Buite Suid-Afrika<br>11 = Weet nie<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkies.*<br>***Indien 10, Gaan na P-11*** | **P-10b** MUNISIPALITEIT/ LANDDROSDISTRIK VAN MEESALGEMENE VERBLYF<br>**In watter munisipale of landdrosdistrik woon** *(naam)* **gewoonlik?**<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | **P-10c** STAD/DORP VAN ALGEMENE VERBLYF<br>**In watter stad/dorp of naaste stad/ dorpsgebied woon** *(naam)* **gewoonlik?**<br>*Gebruik alleenlik HOOFLETTERS* |
|---|---|---|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | X 1 Ja<br>2 Nee | | | |
| 0 2 | A D A M | X 1 Ja<br>2 Nee | | | |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 1 Ja<br>X 2 Nee | 0 1 | S T E L L E N B O S C H L O C | F R A N S C H H O E K |

CENSUS 2011 You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## d. Voorbeeld – Migrasie vervlg. (hieronder):

- Diana het nie sedert **Oktober 2001** in hierdie plek gebly nie**.**
- **Sy het in November 2007** vanuit die Wes-Kaap **na hierdie plek verhuis**.
- Adam is ná Oktober 2001 gebore en het nog nooit getrek nie.
- Francinah het nog nooit uit haar gewone plek van verblyf getrek nie. (Let daarop dat Francinah 'n besoeker is en oor haar gewone blyplek verslag doen.)
- Aangesien Adam en Francinah nog nooit verhuis het nie, hoef hulle die vrae nie in te vul nie.
- Lede van die huishouding wat meer as een keer verhuis het, doen verslag oor hulle laaste verhuising.

| | | **P-11** SEDERT 2001 | **P-11a** MAAND EN JAAR VERHUIS | **P-11b** PROVINSIE VAN VORIGE VERBLYF |
|---|---|---|---|---|
| | | **Woon** *(naam)* **sedert Oktober 2001 in hierdie plek?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>3 = Gebore na 2001 en het nog nooit verhuis nie<br>4 = Gebore na 2001 en het reeds verhuis<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkie.*<br>***Indien 1 of 3, Gaan na P-12*** | **Wanneer het** *(naam)* **na hierdie plek verhuis?**<br>*Skryf die maand en jaar in die toepaslike blokkies.*<br>**voorbeeld**<br>0 4<br>2 0 0 2 | **In watter provinsie het** *(naam)* **gewoon, voordat hy/sy na hierdie plek verhuis het?**<br>01 = Western Cape<br>02 = Eastern Cape<br>03 = Northern Cape<br>04 = Free State<br>05 = KwaZulu-Natal<br>06 = North West<br>07 = Gauteng<br>08 = Mpumalanga<br>09 = Limpopo<br>10 = Buite Suid-Afrika<br>11 = Weet nie<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkies.*<br>***Indien 10, Gaan na P-12*** |
| **F-00** NOMMER VAN PERSOON | **F-01** NAAM VAN PERSOON | | | |
| 0 1 | D I A N A P E T<br>E R S O N | 2 | 1 1<br>2 0 0 7 | 0 1 |
| 0 2 | A D A M | 3 | M M<br>J J J J | |
| 0 3 | F R A N C I N A<br>H B O O Y S E N | 1 | M M<br>J J J J | |

## e. Voorbeeld – Migrasie vervlg. (hieronder):

- Die lede van die huishouding wat getrek het, moet die provinsie en die munisipaliteit van hulle vorige woonplek en die stad/dorp die naaste daaraan invul.

- Diana het uit die Stellenbosch Munisipaliteit getrek waar sy by haar ma (Francinah) gebly het en waar Franschhoek die naaste stad/dorp was.

- Adam en Francinah het nog nooit verhuis nie; dus hoef hulle nie die vrae in te vul nie.

| **F-00** NOMMER VAN PERSOON | **F-01** NAAM VAN PERSOON | **P-11c** MUNISIPALITEIT/ LANDDROSDISTRIK VAN VORIGE VERBLYF<br>**In watter munisipale of landdrosdistrik het** *(naam)* **gewoon, voordat hy/sy na hierdie plek verhuis het?**<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | **P-11d** STAD/DORP VAN VORIGE VERBLYF<br>**In watter stad/dorp het** *(naam)* **voorheen gewoon, of wat was die naam van die naaste stad/dorp?**<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* |
|---|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T<br>E R S O N | S T E L L<br>E N B O S<br>C H L O C | F R A N S<br>C H H O E<br>K |
| 0 2 | A D A M | | |
| 0 3 | F R A N C I N A<br>H B O O Y S E N | | |

## 5. Afdeling C: Algemene gesondheid en funksionering *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Die beraming van die getal mense met gestremdhede in die land, help met die beplanning en lewering van dienste.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke persoon wat op die vraelys genoem word.

## 6. Afdeling D: Oueroorlewing en inkomste *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Verskaf inligting oor weeskinders en help met die beraming van volwassene-sterftes.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke persoon wat op die omslag genoem word.
- Inligting oor inkomste word deur die Nasionale Tesourie gebruik vir die doel van begrotingstoekennings aan provinsies en munisipaliteite, en help met die bepaling van die land se sosio-ekonomiese status.
- Daar word oor maatskapliketoelae-inkomste vir kinders onder die kind en NIE onder die versorger NIE verslag gedoen.

## 7. Afdeling E: Onderwys *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Hierdie afdeling versamel inligting betreffende die kennis en vaardighede in die land.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke persoon op die vraelys genoem wat 5 jaar en ouer is.
- Alle persone wat skool bywoon (P-17) moet vrae oor die onderwysinstelling beantwoord (P-18).
- Die vlak van onderwys is die hoogste vlak wat deur die persoon voltooi is – nie die vlak waarin die persoon tans is nie. Voorbeelde:
  - Indien 'n kind tans in Graad 4 is, is Graad 3 die kind se hoogste vlak van onderwys.
  - Indien iemand Graad 12 voltooi het en tans met die laaste graad-/diplomajaar besig is, is Graad 12 die hoogste vlak van onderwys.

CENSUS 2011 You Count!

- (P-21) Indien 'n persoon 'n graad of diploma het (van 'n universiteit, 'n universiteit van tegnologie [voorheen technikon] of 'n kollege), kies hy/sy uit opsies 01 tot 22. Diegene wat 'n Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-kwalifikasie het, kies uit opsies 23 tot 36.

## f. Voorbeeld – Onderwys (hieronder):

- Geen antwoord word van Adam verwag nie, want hy is jonger as 5 jaar, en hierdie vraag word aan mense gestel wat 5 jaar en ouer is.

- Diana se hoogste vlak van onderwys is 'n BA-graad; dus kies sy opsie 25. (Let daarop dat vrae oorgeslaan word tot by P-21.)

- Francinah het slegs Graad 2 as haar hoogste vlak van onderwys. (Let daarop dat vrae oorgeslaan word tot P-22.)

**P-20 OPVOEDKUNDIGE VLAK: Wat is die hoogste opvoedkundige vlak wat** *(naam)* **voltooi het?**

98 = Geen onderwys
00 = Graad 0
01 = Graad 1/Sub A
02 = Graad 2/Sub B
03 = Graad 3/St 1/ABET 1 (Kha Ri Gude, SANLI)
04 = Graad 4/St 2
05 = Graad 5/St 3 / ABET 2
06 = Graad 6/St 4
07 = Graad 7/St 5 / ABET 3

***Indien 98 of 00-07, Gaan na P-22***

08 = Graad 8/St 6 / Vorm 1
09 = Graad 9/St 7/Vorm 2/ ABET 4
10 = Graad 10/St 8/Vorm 3
11 = Graad 11/St 9/Vorm 4
12 = Graad 12/St 10 /Vorm 5

***Indien 08-12, Gaan na P-23***

13 = NTS I/N1/ NS/(V) Vlak 2
14 = NTSII/N2/ NS/(V) Vlak 3
15 = NTSIII/N3/NS/(V) Vlak 4
16 = N4/NTS 4
17 = N5/NTS 5
18 = N6/NTS 6
19 = Sertifikaat met minder as Graad 12/ St 10
20 = Diploma met minder as Graad 12/St 10
21 = Sertifikaat met Graad 12/St 10
22 = Diploma met Graad 12/St 10
23 = Hoër Diploma
24 = Post Hoër Diploma (Meesters, Doktorale Diploma)
25 = Baccalaureusgraad
26 = Baccalaureusgraad en nagraadse diploma
27 = Honneursgraas
28 = Hoër graad (Meesters/ PhD)
29 = Ander

*LEES HARDOP: Diploma of sertifikaat moet minstens ses maande voltydse studie behels (of ekwivalent).*

***Indien 13-28, Gaan na P-21***

***Indien 29, Gaan na P-22***

| F-00 NOOMER VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | P-20 |
|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | 2 5 |
| 0 2 | A D A M | |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 0 2 |

CENSUS 2011
You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## g. Voorbeeld – Onderwys vervlg. (hieronder):

- Die vraag oor onderwysveld (P-21) word deur persone met naskoolse kwalifikasies beantwoord.
- LET WEL: Opsies 01 tot 22 is van toepassing op mense met kwalifikasies van 'n universiteit of 'n universiteit van tegnologie (voorheen technikon), terwyl opsies 23 tot 36 van toepassing is op mense met VOO-kwalifikasies.
- Diana is die enigste persoon in die huishouding wat die vraag moet invul.
- Diana noem dat sy 'n graad in gesondheidsorg het (opsie 09).

**P-21** ONDERWYSVELD

**In watter studieveld is *(naam)* se hoogste naskoolse kwalifikasie?**

**UNIVERSITEIT/TEGNIKON/KOLLEGE**
01 = Landbou of Hernubare Natuurlike Hulpbronne
02 = Argitektuur of Omgewingsontwerp
03 = Kunste, Visueel of Uitvoerend
04 = Besigheid, Handel of Bestuurswetenskappe
05 = Kommunikasie
06 = Rekenaarwetenskappe
07 = Onderwys, Opleiding of Ontwikkeling
08 = Ingenieurswese of Ingenieurstegnologie
09 = Gesondheidsorg of Gesondheidswetenskappe
10 = Huishoudkunde
11 = Nywerheidskuns, Handel of Tegnologie
12 = Tale, Linguistiek of Letterkunde
13 = Regte
14 = Biblioteek of Museumkunde
15 = Lewenswetenskap of Fisiese Wetenskap
16 = Wiskundige Wetenskap
17 = Militêre Wetenskap
18 = Filosofie, Godsdiens of Teologie
19 = Liggaamlike Opvoeding of Ontspanning
20 = Sielkunde
21 = Staatsadministrasie of Maatskaplike Dienste
22 = Maatskaplike Wetenskap of Maatskaplike Studies
23 = Ander

**VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING**
24 = Bestuur
25 = Bemarking
26 = Inligtingstegnologie en Rekenaarwetenskap
27 = Finansies, Ekonomie en Rekeningkunde
28 = Kantooradministrasie
29 = Elektriese Infrastruktuurkonstruksie
30 = Siviele Ingenieurswese en Boukonstruksie
31 = Ingenieurswese
32 = Primêre Landbou
33 = Gasvryheid
34 = Toerisme
35 = Veiligheid in die Samelewing
36 = Megatronika
37 = Opvoeding en Ontwikkeling
38 = Ander

***Enige antwoord, Gaan na P-23***

| **F-00** NOMMER VAN PERSOON | **F-01** NAAM VAN PERSOON | P-21 |
|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | 0 9 |
| 0 2 | A D A M | |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | |

CENSUS 2011 You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## h. Voorbeeld – Onderwys vervlg. (hieronder):

- Lede van die huishouding wat 5 jaar en ouer is en geen amptelike onderwys of slegs primêre onderwys ontvang het (tot en met Graad 7) (P-20), moet hierdie vraag invul.
- Francinah is die enigste persoon in die huishouding wat hierdie vraag moet invul.
- Francinah noem dat sy 'n bietjie sukkel om haar naam te skryf, baie sukkel om te lees of 'n brief te skryf en nie 'n vorm kan invul, padtekens kan lees of kleingeld kan bereken nie.
- Slegs kodes 1 tot 5 word in die blokke geskryf wat voorsien word.
- 'n Persoon wat sekondêre of tersiêre onderwys as hoogste vlak van onderwys het, moenie die vraag oor geletterdheid (P-22) invul nie.

**P-22** GELETTERDHEID: **Ervaar *(naam)* enige probleme om die volgende te doen?**

A = Skryf van sy/haar naam
B = Lees (bv. koerante, tydskrifte, godsdienstige boeke, ens.) in enige taal
C = Invul van 'n vorms (bv. vir maatskapliketoelaes vorms)
D = Skryf van 'n brief in enige taal
E = Berekenings/uitwerk van hoeveel kleingeld hy/sy moet ontvang wanneer iets aangekoop word
F = Die lees van padtekens

1 = Geen probleem
2 = Tot 'n mate
3 = Baie probleme
4 = Kan glad nie
5 = Weet nie

*Skryf die toepaslike kode in die blokkie.*

| F-00 NAAM VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | Skryf sy/haar naam (A) | Lees (B) | Invul van 'n vorm (C) | Skryf 'n brief (D) | Berekening (E) | Lees van padtekens (F) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | | | | | | |
| 0 2 | A D A M | | | | | | |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 2 | 3 | 4 | 3 | 4 | 4 |

CENSUS 2011
You Count!

Sensus 2011-blitslyn: 0800 110 248

## 8. Afdeling F: Werk *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Verskaf inligting betreffende die land se arbeidskrag (mense wat in diens is, 'n besigheid bestuur, werkloos is of ekonomies nie werksaam is nie).*

- Hierdie afdeling word ingevul deur elkeen 15 jaar en ouer wat op die omslag genoem word.
- Werkstatus: P-23a, P-23b en P-23c: Jy moet al hierdie vrae invul (a, b en c), en indien jy op enige van die vrae "Ja" antwoord, slaan jy die volgende vrae oor en gaan jy voort om P-29a (Nywerheid) te beantwoord.
- Wat werkplek (P-29a) betref, is PRIVAAT HUISHOUDINGS slegs op huis- en tuinwerkers van toepassing.

### i. Voorbeeld – Werk (hieronder):

- Geen antwoord word van Adam verwag nie, want die vraag is van toepassing op mense wat 15 jaar en ouer is.
- Diana en Francinah het al drie die vrae beantwoord (P-23a, b en c).
- Nóg Diana nóg Francinah het die sewe dae wat 10 Oktober voorafgaan vir 'n loon gewerk, 'n besigheid bedryf of in 'n gesinsbesigheid gehelp ("Nee" op P-23a, b en c).

**P-23** WERKSTATUS

| F-00 NOMMER PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | **In die SEWE DAE voor 10 Oktober...** P-23a **Het** *(naam)* **gewerk vir 'n loon, salaris, kommissie of enige goedgunstige vergoeding/natura (insluitend betaalde huishoudelike werk), selfs al was dit slegs vir een uur?** 1 = Ja 2 = Nee 3 = Weet nie *Merk die toepaslike sirkel met 'n X.* | **In die SEWE DAE voor 10 Oktober ...** P-23b **Het** *(naam)* **enige soort onderneming (groot of klein) bestuur, of daarin gewerk vir eie gewin, of saam met een of meer vennote die take verrig, selfs al was dit slegs vir een uur?** 1 = Ja 2 = Nee 3 = Weet nie *Merk die toepaslike sirkel met 'n X.* | **In die SEWE DAE voor 10 Oktober ...** P-23c **Het** *(naam)* **sonder vergoeding gehelp in enige soort onderneming wat deur sy/haar huishouding bestuur is, selfs al was dit slegs vir een uur?** 1 = Ja 2 = Nee 3 = Weet nie *Merk die toepaslike sirkel met 'n X.* |
|---|---|---|---|---|
| | | ***Indien 1(Ja) op enige van P-23a, P-23b of P-23c, Gaan na P-29a*** | | |
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie |
| 0 2 | A D A M | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie |

## j. Voorbeeld – Werk vervlg. (hieronder):

- Diana werk teen betaling hoewel sy ten tyde van die invul van die vraelys met kraamverlof was.
- Francinah is 'n pensioenaris.

| F-00 NOMMER VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | P-24 TYDELIKE AFWESIGHEID VAN WERK<br>**Alhoewel *(naam)* geen werk teen vergoeding of wins in die SEWE DAE voor 10 Oktober gedoen het nie en nie sonder vergoeding in 'n huishoudelike onderneming gehelp het nie, het hy/sy 'n betaalde werk gehad of onderneming waarheen hy/sy beslis sou terugkeer?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>3 = Weet nie<br>*Merk die toespaslike sirkel met 'n X.*<br>***Indien 1, Gaan na P-29a*** | P-25 SOEK WERK<br>**In die vier weke voor 10 Oktober, het *(naam)* enige soort werk gesoek, of probeer om enige onderneming te begin?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>3 = Weet nie<br>*Merk die toespaslike sirkel met 'n X.*<br>***Indien 1, Gaan na P-28*** | P-26 WIL GRAAG WERK<br>**Sou *(naam)* graag wou werk in die SEWE DAE voor 10 Oktober?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>3 = Weet nie<br>*Merk die toespaslike sirkel met 'n X.*<br>***Indien 2 of 3, Gaan na P-32*** |
|---|---|---|---|---|
| 0 1 | D I A N A P E T E R S O N | X 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie |
| 0 2 | A D A M | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie |
| 0 3 | F R A N C I N A H B O O Y S E N | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie | 1 Ja<br>X 2 Nee<br>3 Weet nie |

CENSUS 2011
You Count!

## k. Voorbeeld – Werk vervlg. (hieronder):

- Diegene wat werk moet die vraag oor die nywerheid (P-29a) invul.
- Mense wat tuis of op straat 'n besigheid bedryf wat nie 'n naam het nie, skryf TUIS of GEENVASTEPLEK.
- Diana werk by die Chris Barnard Memorial-hospitaal.

| F-00 NOMMER VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | P-27 REDES WAAROM DAAR NIE GEWERK WORD NIE | P-28 BESKIKBAAR OM TE WERK | P-29a NYWERHEID |
|---|---|---|---|---|
| | | **Wat was die hoofrede waarom** *(naam)* **nie die laaste vier weke voor 10 Oktober, nie probeer het om 'n werk te kry of om 'n onderneming te begin nie?**<br>01 = Wag vir seisoenwerk<br>02 = Wag om teruggeroep te word na vorige werk<br>03 = Gesondheidsredes<br>04 = Swangerskap<br>05 = Gestremd of ongeskik om te werk (ingeperk weens 'n gebrek)<br>06 = Huisvrou/Tuisteskepper (gesinsoorweging/ kinderversorging)<br>07 = Ondergaan opleiding ten einde werk te kry<br>08 = Geen werk beskikbaar in hierdie area<br>09 = Gebrek aan geld vir vervoer om werk te soek<br>10 = Kan nie werk vind t.o.v. sy/haar persoonsvaardighede<br>11 = Moed verloor om enige werk te vind<br>12 = Geen vervoer beskikbaar<br>13 = Skolier/Student<br>14 = Afgetredene<br>15 = Te oud/jonk om te werk<br>16 = Wil nie werk nie<br>17 = Ander<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkies.* | **Sou** *(naam)* **begin werk het, indien daar 'n geskikte werk aangebied was, of 'n onderneming begin het, indien die omstandighede daarvoor gunstig was in die SEWE DAE voor 10 Oktober?**<br>1 = Ja<br>2 = Nee<br>3 = Weet nie<br>*Merk die toepaslike sirkel met 'n X.*<br>***Enige antwoord, gaan na P-32*** | **Wat is die naam van werk/ onderneming/maatskappy/ besigheid waar** *(naam)* **werksaam is?**<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* |
| 0 1 | D I A N A P E<br>T E R S O N | | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | C B A R N A<br>R D M E M O<br>R I A L H O |
| 0 2 | A D A M | | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | |
| 0 3 | F R A N C I N<br>A H B O O Y S<br>E N | | 1 Ja<br>2 Nee<br>3 Weet nie | |

CENSUS 2011
You Count!

## I. Voorbeeld – Werk vervlg. (hieronder):

- Diegene wat werksaam is moet P-29b (hoofgoedere of -dienste), P30a (beroep), P-30b (hooftake of -verpligtinge) en P-31 (tipe sektor) invul.

- Indien 'n lid van die huishouding by meer as een plek werksaam is (bv. teen betaling werk en 'n besigheid bedryf), moet hy/sy verslag doen oor die werk wat die meeste van sy/haar tyd in beslag neem.

- Neem Diana as voorbeeld:

- Tipe sektor:
    - o Formelesektorindiensneming het te doen met 'n besigheid, instelling of privaat individu wat op 'n wyse by die regering of 'n statutêre liggaam geregistreer is om die werk te verrig. Registrasie kan die insameling van belasting (bv. PAYE), werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)-bydraes of 'n sakelisensie beteken.
    - o Informelesektorindiensneming het te doen met 'n besigheid of privaat individu wat nie op enige wyse by die regering of 'n statutêre liggaam geregistreer is nie.

| F-00 NOMMER VAN PERSOON | F-01 NAAM VAN PERSOON | P-29b HOOFPRODUKTE OF -DIENSTE<br>Wat is die hoofgoedere of -dienste wat *(naam)* se werkplek lewer, of wat is die hooffunksies?<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | P-30a BEROEP<br>Watter tipe werk doen *(naam)* gewoonlik in sy/haar hoofwerk/-besigheid?<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | P-30b HOOFFUNKSIES/ -PLIGTE<br>Wat is *(naam)* se hooftaak of -plig in hierdie werk?<br>*Gebruik slegs HOOFLETTERS* | P-31 TIPE SEKTOR<br>Is *(naam)* werksaam in die.........?<br>1 = Formele sektor<br>2 = Informele sektor<br>3 = Private huishouding<br>4 = Weet nie<br>*Skryf die toepaslike kode in die blokkie* |
|---|---|---|---|---|---|
| 01 | DIANAPET<br>ERSON | GESOND<br>HEIDSO<br>RG | VROEDV<br>ROU | HELPME<br>TBABAG<br>EBOORT | 1 |
| 02 | ADAM | | | | |
| 03 | FRANCINA<br>HBOOYSEN | | | | |

CENSUS 2011
You Count!

## 9. Afdeling G: Vrugbaarheid *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Verskaf 'n beraming van vrugbaarheid in die land wat met bevolkingsprojeksies help.*

- Hierdie afdeling word slegs ingevul ten opsigte van vroue wat 12 tot 50 jaar oud is.
- Hierdie sluit nie miskrame, doodgebore babas en aangenome kinders in nie.
- Indien die vrou se kinders nog almal lewe en by haar bly, is die antwoord 00 op vraag P-36 tot P-37 (vir seuns, meisies en totaal).
- Indien 'n vrou 'n besoeker is en van haar kinders saam met haar besoek aflê, het die vraag oor die getal kinders (P-35) te doen met die kinders wat saam met haar by die huishouding kuier. Haar ander kinders wat nie daar is nie bly dan elders.
- Indien sy alleen besoek aflê, is 00 die antwoord op P-35, aangesien sy nie enige kinders op sensusnag by haar het in die huishouding waar sy besoek aflê nie.

## 10. Afdeling H: Behuising *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Inligting wat hier versamel word is belangrik vir gebruikers soos Eskom, Telkom, ens., aangesien dit gebruik kan word om vordering betreffende diensleweringskwessies (of die gebrek daaraan) te moniteer.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke huishouding.
- H-02: Met 'ander woning' word bedoel 'n ander struktuur as die hoofhuis of –woning wat deur die huishouding bewoon word.

## 11. Afdeling I: Sterftesyfer *(onthou om die instruksies te volg)*

*Doel: Verskaf 'n beraming van sterftes in die land wat met bevolkingsprojeksies help.*

- Hierdie afdeling word ingevul ten opsigte van elke huishouding.

CENSUS 2011
You Count!